

**Titel:** "Back to Basics"  
**Pastoor:** Lucille May  
**Datum:** 25 Januarie 2009  
**Tyd:** 9h00



### **I Korinthiërs 5:6b**

<sup>6</sup> Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg deurtrek nie?

### **Mattheus 5:27-28**

<sup>27</sup> Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie.' <sup>28</sup> Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.

### **Spreuke 6:32**

<sup>32</sup> Maar 'n man wat owerspel pleeg... verwoes sy lewe.

### **I Korinthiërs 6:9b-10**

<sup>9</sup> Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen <sup>10</sup> of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie.

### **Openbaring 21:8**

<sup>8</sup> Maar dié wat bang en ontrou geword het, die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, bedrieërs en afgodsdienaars en al die leuenaars, hulle lot is die poel wat met vuur en swael brand, dit is die tweede dood.

### **Pornografie:**

1. Perversie
2. Afstomping

### **Redding:**

### **II Thessalonicense 2:13b**

<sup>13</sup> dat God julle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid,

### **Filippense 2:12**

<sup>12</sup> ...werk julle eie heil uit met vrees en bewing.

### **II Timotheus 2:19b, 22**

<sup>19</sup> Elkeen wat sê dat hy aan die Here behoort, moet wegbreek (afstand doen) van die ongeregtigheid.

<sup>22</sup> Vlug weg van die begeertes wat 'n jongmens in gevaar bring, en jaag geregtigheid na.

### **Hebreërs 12:14**

<sup>14</sup> Beywer julle vir vrede met alle mense asook vir 'n heilige lewe, waarsonder niemand die Here sal sien nie.

### **II Petrus 1:3**

<sup>3</sup> Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien...

### **Romeine 8:14**

<sup>14</sup> Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.

### **Galasiërs 5:16**

<sup>16</sup> Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie.

## I Thessalonicense 5:19

<sup>19</sup> Blus die Gees nie uit nie.

### Verlossing:

## Psalm 97:10

<sup>10</sup> Julle wat die Here liefhet; **haat dan wat sleg is!** Hy bewaar die lewe van **sy troue dienaars**, Hy **verlos hulle** uit die greep van die goddelose.

## II Korinthiërs 5:9-11a

<sup>9</sup> Daarom lê ons ons ywerig daarop toe. <sup>10</sup> Ons moet immers almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, **of dit nou goed was of kwaad.**

<sup>11</sup> **Omdat ons die vrees van die Here ken, probeer ons om mense te oortuig.**

## Romeine 11:22

<sup>22</sup> Let dan op die goedheid en strengheid van God: sy strengheid oor die afvalliges, en sy goedheid oor jou. **Maar dan moet jy in Sy goedheid bly**, anders kan jy ook uitgekap word.

### Bekering:

- **Liggaam:**

### I Korinthiërs 9:27

<sup>27</sup> Maar ek dissiplineer my **liggaam** en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self gediskwalifiseer word nie.

### Mattheus 5:29-30

<sup>29</sup> As jou regteroog jou laat struikel, haal hom uit en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel gegooi word. <sup>30</sup> Of as jou regterhand jou laat struikel, kap hom af en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel beland.

- **Denke:**

### Romeine 12:2

<sup>2</sup> Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar word verander (metamorfose) deur julle **denke** te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

### Desperaat of nie ???

## Hebreërs 12:4

<sup>4</sup> Julle het nog nie ten bloede teen die sonde weerstand gebied nie.

## I Korinthiërs 10:13

<sup>13</sup> Geen buitengewone versoeking het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.

## Jakobus 1:6-8

<sup>6</sup> Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, ... <sup>7</sup> Die soort mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie. <sup>8</sup> Hy is 'n dubbelhartige man.

## II Korinthiërs 6:17-7:1

<sup>17</sup> Daarom: "Gaan van hulle af weg en sonder julle af," sê die Here, "en moenie wat onrein is, aanraak nie." "Dan sal Ek julle aanneem, <sup>18</sup> en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees," sê die Here, die Almagtige. <sup>1</sup> Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons dan reinig van alles wat liggaam en gees verontreinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.